SARL-NUUS SONDAG 29 NOVEMBER 2009

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 SAT in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word. Oudio is ook beskikbaar via die web by www.sarl.org.za. Klik op 'ARMI' en volg die skakels soos aangedui. Vir oudio via Echolink, koppel met ZS0JPL-R. Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken om toekomstige bulletins per e-pos te ontvang. U nuusleser is (naam en roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 28,325; 14,235; 10,130; 7,066 en 3,695 MHz ESB, asook op 52,750; 438,825 en 1 297 MHz FM in die Pretoria-gebied. (Ander nuuslesers verander soos toepaslik.)

In die nuus vandag:

RAE ZU-BORGSKAP VIR 2009

SAOG WEDERSYDSE LISENSIEVOORSTEL

IARU WRC-2 VOORBEREIDINGS

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike en interessante nuusitems.

RAE ZU-BORGSKAP VIR 2009

Kobus Conradie van LetsPlayRadio in Kaapstad het SARL-nuus meegedeel dat die ZU-borgskap toegeken is aan Ben Erasmus, ZU1TN. Die borgskap bestaan uit 'n VX2E-dubbelbandhandstel, die drasakkie, 'n antennakoppelstuk, 'n luidsprekermikrofoon en 'n dubbelband magnetiese antenna. Dit word geskenk deur twee anonieme weldoeners. Baie geluk Ben! Die SARL bedank graag LetsPlayRadio vir sy ondersteuning aan amateurradio in Suid-Afrika en veral vir sy bydrae tot die ontwikkeling van die jeug.

OKOSA Lê SAOG-WEDERSYDSE LISENSIEVOORSTEL VOOR AAN CRASA

Tydens die kwartaallikse OKOSA/SARL-skakelkomiteevergadering gehou op Donderdag, het die SARL OKOSA versoek om n wedersydse lisensieooreenkoms met die SAOG-lande te oorweeg. Van die SAOG-lande reik reeds lisensies uit aan besoekende Suid-Afrikaners en die SARL het OKOSA gevra om dit wedersyds te van krag te maak en alle SAOG-lande in te sluit. OKOSA het positief hierop gereageer en sal die proses aan die rol sit vanuit beide n Suid-Afrikaanse, sowel as n SAOG-perspektief. Die konsep sal aan die Kommunikasie Reguleerdersvereniging van Suider-Afrika (CRASA) voor gelê word. CRASA is n vereniging van Inligting- en Kommunikasietegnologie-reguleerders (ICT) en ander belanghebbendes in die inligting- en kommunikasie-industrie in Suider-Afrika. CRASA is in 1997 gestig binne die raamwerk van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se Protokol oor Vervoer, Kommunikasie en Meteorologie. Na aanleiding van die SAOG-leierskap se visie,

is kennis geneem dat individuele inligting- en kommunikasiesektore in die streek te klein is om 'n sê in die globale arena te hê. Verder word daar nie genoegsame beleggings gelok om moderne en universele ICT-dienste te verskaf nie. Dit kom daarop neer dat dit vir Suid-Afrika se tradisionele skakel met ons streek se ekonomiese gemeenskap die SAOG beter is om vir die hele streek steun te werf vir n bevorderlike regulatoriese omgewing. Ander sake wat bespreek is sluit 'n tabel in van frekwensietoekennings, toegang tot die spektrum 135,7 tot 137,8 kHz, die uitbreiding van die 160 meterband, n nuwe toekenning rondom die 5 MHz-frekwensie en verskeie ander aspekte van die mikrogolfbande. Daar is ook besluit dat 'n ZS9-roepsein slegs aan kompetisiestasies toegeken sal word. Die volgende vergadering word in middel-Februarie gehou.

IARU SE WRC-12-VOORBEREIDINGS OP KOERS

WRC-12 sal in Januarie 2012 'n aanvang neem. Die jaar 2012 mag vêr in die toekoms klink, maar dit is oor net meer as twee jaar. Voorbereidings van nasionale telekom-administrasies is reeds geruime tyd aan die gang. Streekstelekomorganisasies vergader reeds om WRC-agendapunte te bespreek en n streeksstandpunt oor elke item te bepaal. IARU-sekretaris Rod Stafford, W6ROD, sê dat elke IARU-lidvereniging wat oor die vermoë beskik, die inisiatief moet neem om kontak te maak met hul owerhede en hulle in te lig oor die IARU se standpunt oor die WRC-agenda-items wat amateurradio beïnvloed. Die SARL neem deel in die voorbereidende WRC-vergaderings en sal n WRC-ontwikkelingswerkswinkel oor die ITU-R-prosedures op 7 en 8 Desember bywoon. Van die belangrikste WRC-agenda-items is: 1. Agenda-item (AI) 1.14 Implementering van n radio-opsporingsdiens in die spektrum 30 - 300 MHz; 2. AI 1.15 Moontlike toekennings in die bestek van 3 - 50 MHz aan 'n radio-opsporingsdiens vir oseanografiese radartoepassings; 3. AI 1.19 Sagteware-gedefinieerde radiostelsels; 4. AI 1.22 Die effek van uitsendings vanaf kortafstandtoestelle; en 5. AI 1.23 Die oorweging van n toekenning van ongeveer 15 kHz in dele van die spektrum 415 tot 526,5 kHz aan die amateurdiens op n sekondêre basis, met in ag neming van die behoefte om bestaande dienste te beskerm.

OKTOBER 2009 RAE-STATISTIEK

Die afgelope Radioamateureksamen (RAE) op 21 Oktober, het n skitterende slaagsyfer van 86% vir Klas A en 90% vir Klas B gelewer. Die oudste kandidaat was die 66 jarige BR van Heerden, ZR3BVH, van Prieska en die jongste was MC Boschoff, ZU3C, van Upington. Die hoogste Klas A-punt van 93% is deur twee kandidate behaal E Isted, ZS6EDI, en PJ Delport, ZR6BVS, beide van Gauteng. Baie geluk aan dié twee kandidate. Ses kandidate het 100% behaal die hoogste Klas B-punt. Hulle is S Erasmus, ZU1SE, F Rahim, ZU5FHR, N Barnes, G Fisher, ZU5DF, G Koster, ZU1GC, en J Ashworth. Baie geluk aan hierdie kandidate. Daar is enkele kandidate wat nog nie al die nodige dokumente aan die SARL-kantoor besorg het nie en dus word hulle roepseine teruggehou. Stuur asseblief u uitstaande dokumentasie aan die SARL-kantoor teen volgende week. Die SARL kan nie die toepaslike dokumentasie aan OKOSA oorhandig

nie dit gaan lei tot frustrerende vertragings in die uitreik van u lisensies en die opdatering van u inligting in die SARL-roepseinboek. Luister vir nuwe roepseine en gee aan die nuwe radioamateurs n warm en hartlike verwelkoming op die lug. Vir diegene wat nie hierdie keer suksesvol was nie moenie moed opgee nie. In Mei 2010 is daar weer n geleentheid vir u om die eksamen te skryf, so studeer hard en stel vir uself n uitdaging om as een van die toppresteerders erken te word. U staan ook kans om n toekenning te verwerf. Vir enige navrae, kontak asseblief vir Mariska by die SARL-kantoor by 011 675 2393 of stuur vir haar n e-pos na admin@sarl.org.za

DIE SARL-KANTOOR SLUIT TYDENS DIE VAKANSIE

Die SARL-kantoor by die Nasionale Amateurradiosentrum sluit op 15 Desember en heropen weer op Maandag 11 Januarie 2010. Enige dringende sake in hierdie tydperk moet aan die sekretaris gerig word aan secretary@sarl.org.za.

SARL-LIDMAATSKAP RAAK AAN DIE 1 300-MERK

Die lidmaatskap van die SARL het Donderdag op 1 294 gestaan. Die teiken van 1 300 is gestel vir die einde van November en dit behoort bereik te word. Die teiken vir 31 Desember is 1 400 lede. As u nog nie by die nasionale liggaam vir amateurradio die Suid-Afrikaanse Radioliga aangesluit het nie, nooi ons u uit om dit nou te doen. Nuwe lede kan nou teen die halfjaartarief aansluit om Desemberlidmaatskap gratis te kry, tesame met die November/Desember Radio ZS, wat tans by die drukkers is. Dié uitgawe is volgepak met interessante artikels en projekte. Om aan te sluit, kry die vorm by www.sarl.org.za of bel vir Mariska by 011 675 2393. As u nog nie u huidige lidmaatskap wat op 1 Julie verskuldig was betaal het nie, doen dit asseblief so gou moontlik. Hierdie week verwelkom ons die volgende nuwe lede: Michael Sender, ZS1MBM, Colin Porter, ZS1RS, Juan Genovart, ZR6DAY, en Paul Odendaal, ZS6PCO.

UITSLAE VAN DIE SATELLIET-AKTIWITEITSNAWEEK BEKEND GEMAAK

Die algehele wenner is André, ZS2BK, met 192 punte. Hy het 192 QSO s gemaak dit het een punt per kontak getel. Hy is die wenner van die TinyTrak4-prys. Van sy kontakte is om 02:00 UTC gemaak. Die wenner van die TinyTrak3-prys vir die beste draagbare stasie gaan aan Sian, ZS3SVD, wat van n skaars ruitverwysing naby Christiana (KG22) gewerk het. Hy 59 QSO s voltooi en 177 prysenswaardige punte verdien. Sian het aan SARL-nuus gesê dat hy vir die naweek in Christiana was. Die presiese ruitblok is KG22NC. “Ek het gebruik gemaak van n Kenwood TS-B2000, gemonteer in die Jeep met SATPC32 op ’n skootrekenaar met CAT-beheer. Die antennas was n Diamond X-50-vertikaal op n 7 m draagbare mas en n Diamond NR770 mobiele antenna op n magneet-basis op die kant van die dak, teen n hoek van 45 grade gemonteer. Die NR770 op die dak het baie beter gewerk as die X50 en ek het die X50 en mas Saterdag laat sak en slegs die NR770 gebruik.”Dit bewys dat selfs met ’n gewone stasie satelliete pret kan wees. Van die interessante langafstand-QSO s was met Pierre, ZS6BB, SV1EEK in Griekeland en met Jim, VQ9JC, op Diego Garcia beide

op AO7 met ESB. Hal, ZS6WB, het ook kontak gemaak met Jim. Geluk aan al die deelnemers. Die volledige uitslae is beskikbaar op www.amsatsa.org.za.

KOMPETISIENUUS

SARL BHF/UHF-digitale kompetisie.

Die kompetisiekomitee het slegs twee logstate ontvang vir die September-been van die BHF/UHF-kompetisie. Die uitslae is soos volg: 1e plek en algehele wenner André Botes, ZS2ACP, 32 109 punte; 2e plek en Afdeling 6-wenner Bert Howes, ZS6HS, met 885 punte.

Die jaarlikse PEARS HF-kompetisie begin op Sondag 6 Desember om 14:00 en eindig om 18:00 SAT. Dit is n foonkompetisie met werking op 7,060 tot 7,100 en 7,130 tot 7,200 MHz asook op 3,603 tot 3,650 en 3,700 tot 3,800 MHz. Daar is vier klasse vir deelnemers: Nuwelingstasies met 'n ZU-voorvoegsel; Beperk stasies met 'n ZR-voorvoegsel; Onbeperk stasies met 'n ZS-voorvoegsel en DX stasies buite Suid-Afrika. Roepseine, n seinrapport en die operateurs se name word uitgeruil. Volle besonderhede is op PEARS se webtuiste by www.zs2pe.co.za beskikbaar, asook in die 2009 SARL-kompetisiehandboek.

Die ARRL 160 m-kompetisie word oor die naweek van 5 en 6 Desember gehou, en die ARRL 10 m-kompetisie oor die naweek van 12 en 13 Desember.

HAMNET GAUTENG-SUID

Hamnet Gauteng-Suid en die Ekurhuleni Rampbestuur Gespesialiseerde Kommunikasievrywilligers was weer eens aktief tydens die Austin Jordaan Nagwedloop wat verlede week gehou is. Die resies het bestaan uit n vyf-, tien- en vyftien kilometer afstand en alle waterpunte en hoofpadkruisings is gemonitor. Michelle, ZS6TO, het die gemeenskaplike operasionele sentrum bedryf en die vrywilligers kon hulle radioprosedures oefen. Met die 2010 Sokker Wêreldbeker om die draai gebruik hierdie radioamateurs elke geleentheid om hulle vaardighede op te skerp en te verseker dat die bevel- en beheerstrukture korrek funksioneer. Almal wat deelgeneem het word bedank vir hulle bydraes.

HF-VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die sonaktiwiteitsvlak steeds laag is. Die son se oppervlakte was laas week grotendeels vlekloos. 20- en 40 m is die beste keuses vir DX. Gedurende die middae gaan die toestande na Indië goed wees. Gedurende laatmiddae en die aande gaan toestande na Europa goed wees. Kontakte met Nieu-Seeland en Australië gaan op 15 m vir 'n kort rukkie gedurende die oggende moontlik wees. Gedurende die middae is daar 'n goeie kans vir 15 m-kontakte met die VSA. Smiddags en vroegaande gaan toestande op 15- en 20 m na Brasilië goed wees. Plaaslike toestande gaan gedurende die dag op 40 m goed wees. 80 m behoort gedurende vroegoggend en laatmiddag goeie resultate oor die korter afstande te lewer. 30 m sal gedurende die middel van die dag goeie resultate oor die langer afstande lewer. 20 m begin weer om van sy aansien herwin en daar kan goeie kontakte oor die langer afstande gemaak

word. Saans is 80 m die beste keuse. Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

30 November sluitingsdatum vir nominasies vir die SARL-Raad; 5 Desember Wesrand snuffelmark; 6 Desember PEARS HF-kompetisie; 18 Desember sluitingsdatum vir die PEARS-gelukstrekking; 15 Januarie 2010 sluitingsdatum vir die opstelkompetisie; 15 tot 17 Januarie 2010 PEARS BHF/UHF-kompetisie.

SARL-nuus nooi klubs en individue om nuusberigte wat vir radioamateurs en kortgolfluisteraars van belang is, in te stuur. Indien moontlik, plaas nuusberigte in beide Afrikaans en Engels op www.sarl.org.za/newsinbox.asp, nie later nie as die Donderdag wat die bulletindatum voorafgaan. Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateur Radio Mirror International, wat om 10:00 SAT op 145,750 MHz in die Pretoria-gebied uitgesaai word, met herleidings op 7 082, 7 205 en 17 860 kHz. Daar is ook 'n 'Podcast'-uitsending waarna geluister kan word. Vir oudiostrome en Echolink deur ZS6FCS, besoek www.sarl.org.za, klik op 'ARMI' en volg die skakels. 'n Heruitsending vind Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz plaas. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies. U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur Dennis, ZS4BS, saamgestel is. Die redakteur was Jannie, ZR6PHD. Dankie dat u saamgeluister het. 73. /EX